16.7 RAPPORT 1 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – ALGEMEEN (Artt 40, 308)

16.7 REPORT 1 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – GENERAL (Arts 40, 308)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.

B. **Besluit:** Punte 5.3.6 en 5.3.7 word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Points 5.3.6 and 5.3.7 referred to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Algemeen administratief	**1. Administrative**
Vir kennisname	*To be noted*
1.1 Die Deputate het op verskillende lessenaars gefunksioneer om sodoende die werk te verdeel. Die Deputate lewer namens elke lessenaar 'n Rapport in en die name van die betrokke Deputate wat by elke lessenaar betrokke was, word by die onderskeie Rapporte vermeld.	1.1 The Deputies distributed the work to different desks. The Deputies report on behalf of each desk, indicating the Deputies responsible for each desk for the different Reports.
1.2 Die benoemde adviseurs is ten volle betrek in die werksaamhede van die Deputate. Hulle verdien dank vir die uitnemende werk wat hulle gedoen het, asook vir die feit dat sommige van die professore hierdie verpligtinge dikwels ook kon laat saamval met ander opdragte.	1.2 The appointed advisors were full involved in the work of the deputies and deserve great appreciation for their outstanding work. Some professors could also combine these duties with their other work.
1.3 Al die dokumente wat hierdie Rapport vergesel is vir insae beskikbaar en word vir bewaring in die Argief geplaas.	1.3 All the attachments to this Report are available for comment and will be stored in the Archive.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Algemene opdragte	**2. General Mandate**
2.1 *Opdrag*	2.1 *Mandate*
2.1.1 Ekumeniese kontak wat tot die erkenning van ekumeniese bande en eenheid kan lei, word gemaak met kerke wat met die GKSA een is in leer, diens en tug (KO, art 85).	2.1.1 Ecumenical contact is to be made with churches that ascribe to the same doctrine, ministry and discipline (CO, art 85) as the GKSA that could lead to establishing ecumenical ties and unity.
2.1.2 Die praktiese betekenis van ekumenisiteit word vergestalt in sake soos: attestasie en beroeping; uitnodiging na mekaar se Sinodes; insette in mekaar se besluitneming.	2.1.2 The practical meaning of ecumenicity as reflected in actions such as attestation, calling, invitation to each other's Synods; consultation on decisions is to be defined.
2.1.3 Die betekenis van ekumenisiteit word met betrekking tot spesifieke sake in byvoorbeeld *Die Kerkblad* en by wyse	2.1.3 The concept of ecumenicity is to be elucidated by means of specific issues in *Die Kerkblad* and in short memos to

van kort inligtingstukke aan Kerkrade, bekend gemaak.	Church Councils.
2.1.4 Die Deputate kry opdrag om wat die GKSA onder ekumeniese eenheid (kerklike korrespondensie) verstaan, met die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in eenheid is, te kommunikeer en sover moontlik ooreenstemming oor die betekenis van die begrippe te verkry.	2.1.4 The GKSA's understanding of ecumenical unity (church correspondence) is to be communicated to church communities that correlate with the GKSA and consensus reached on the definitions of concepts as far as possible.
2.1.5 Die Deputate kry opdrag om die tersaaklike besluite van Sinode 2015 met die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in bande en eenheid het, te kommunikeer.	2.1.5 Relevant Synod 2015 decisions are to be conveyed to the church communities with which the GKSA has ties and unity.
2.1.6 Een van die Deputate van Ekumenisiteit: Buitelands word ter wille van noodsaaklike skakeling benoem by Ekumenisiteit: Binnelands.	2.1.6 One of the Deputies: Ecumenicity (international) is to be appointed to the Deputies: Ecumenicity (national) for the sake of the necessary contact.
2.1.7 Dat predikante wat vanuit die GKSA in die buiteland in die bediening staan tydens besoeke aan die buiteland wanneer moontlik deur die GKSA Deputate besoek moet word.	2.1.7 Ministers of the GKSA who lead international ministries are to be visited when travelling abroad.
2.1.8 Alle lessenaars gee aandag aan die saak van Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon.	2.1.8 All desks are to attend to the matter of South Africans residing abroad.
2.1.9 Dat die buitelandse gaste vanaf 2018 vir twee dae voor die Sinode ontvang word vir onderlinge gesprekke en verhoudingsbou. Die afgevaardigdes kry tydens die eerste twee dae van die Sinode geleentheid om groeteboodskappe oor te dra en afgevaardigdes kan dan self besluit of hulle die res van die Sinode wil bywoon.	2.1.9 As of 2018, international guests are to be received two days prior to the Synod for discussions and relationship building. The delegates will receive the opportunity during the first two days of the Synod to convey greetings and may then decide whether to attend the rest of the Synod.
Vir kennisname	*To be noted*
2.2 *Uitvoering van opdrag*	2.2 *Execution of Mandate*
2.2.1 Aan al die sake is voortdurend aandag gegee tydens ekumeniese gesprekke en skakeling. Dit blyk dat daar steeds onduidelikheid bestaan oor die interpretasies van verskillende kerke oor wat ekumeniese eenheid in die praktyk beteken.	2.2.1 All the items received continuous attention during ecumenical discussions and contact. It would seem that there remains uncertainty over the interpretations over the practical definition of ecumenical unity among the different churches.
2.2.2 Daar het berigte aangaande die werk van die Deputate in *Die Kerkblad* verskyn.	2.2.2 Reports on the deputies' work appeared in *Die Kerkblad*.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.2 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.2.2 noted.**

Vir besluitneming	*To be decided*
2.3 *Aanbevelings: (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	2.3 *Recommendations (tasks for the appointed Deputies)*
2.3.1 Ekumeniese kontak wat tot die erkenning van ekumeniese bande en eenheid kan lei, word gemaak met kerke wat met die GKSA een is in leer, diens en tug (KO, art 85).	2.3.1 Ecumenical contact be made with churches that ascribe to the same doctrine, ministry and discipline (CO, art 85) as the GKSA that could lead to establishing ecumenical ties and unity.
2.3.2 Die praktiese betekenis van ekumenisiteit word vergestalt in sake soos: attestasie en beroeping; uitnodiging na mekaar se Sinodes; insette in mekaar se besluitneming.	2.3.2 The practical meaning of ecumenicity be reflected in actions such as attestation, calling, invitation to each other's Synods and consultation on decisions.
2.3.3 Die betekenis van ekumenisiteit word met betrekking tot spesifieke sake in byvoorbeeld *Die Kerkblad* en by wyse van kort inligtingstukke aan Kerkrade, bekend gemaak.	2.3.3 The concept of ecumenicity be elucidated, in terms of specific issues, in *Die Kerkblad* and be means of short memos to Church Councils.
2.3.4 Die Deputate kry opdrag om wat die GKSA onder ekumeniese eenheid (kerklike korrespondensie) verstaan, te formuleer en daaroor ooreenstemming te bereik met Deputate van die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is.	2.3.4 The GKSA's understanding of ecumenical unity (church correspondence), with church communities that correlate with the GKSA, be communicated and to reach consensus on the definitions of concepts as far as possible.
2.3.5 Die Deputate kry opdrag om die tersaaklike besluite van Sinode 2018 met die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is te kommunikeer.	2.3.5 The Synod 2015 decisions relevant to church communities with which the GKSA corresponds be communicated.
2.3.6 Dat predikante wat vanuit die GKSA in die buiteland in die bediening staan, waar moontlik, tydens besoeke aan die buiteland besoek moet word.	2.3.6 Deputies visit ministers of the GKSA who head international ministries when abroad, if possible.
2.3.7 Een van die Deputate van Ekumenisiteit: Buitelands word ter wille van noodsaaklike skakeling benoem by Ekumenisiteit: Binnelands. Dat predikante wat vanuit die GKSA in die buiteland in die bediening staan tydens besoeke aan die buiteland wanneer moontlik deur die GKSA Deputate besoek moet word.	2.3.7 One of the Deputies: Ecumenicity (international) be appointed to Ecumenicity (national), for the necessary contact.
2.3.8 Alle lessenaars gee aandag aan die saak van Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon.	2.3.8 All desks attend to the matter of South Africans residing abroad.
2.3.9 Dat die buitelandse gaste vanaf 2021 vir twee dae voor die Sinode ontvang word vir onderlinge gesprekke en verhoudingsbou. Die afgevaardigdes kry tydens die eerste twee dae van die Sinode geleentheid om groeteboodskappe oor te dra en afgevaardigdes kan dan self besluit of hulle die res van die Sinode wil bywoon.	2.3.9 As of 2021, international guests be received two days prior to the Synod for discussions and relationship building, whereby the delegates receive the opportunity during the first two days of the Synod to convey greetings and then decide whether to attend the rest of the Synod.

2.3.10 Dat daar weens die hoë koste afgestap word van die praktyk om die NWU se riglyn vir daggelde te gebruik om daggeld vir oorsese reise te bepaal en dat die bedrag van $60 per dag as riglyn vir die volgende drie jaar gebruik word. Werklike kostes wat die bedrag oorskry, kan met die nodige bewyse teruggeëis word.	2.3.10 Due to the high cost, the NWU's guideline for daily expenses be abandoned and that $60 per day serve as guideline for the next three years and expenses exceeding this amount can be claimed back with the necessary paperwork.
2.3.11 Dat die frekwensie van besoeke verleng word sodat kerke met wie die GKSA ekumeniese eenheid het in 'n siklus van vier jaar besoek word en kerke met wie die GKSA Ekumeniese bande het, slegs indien dit volgens die diskresie van die Deputate noodsaaklik is.	2.3.11 The frequency of visits be increased that the churches with which the GKSA have ecumenical unity be visited in a four-year cycle and churches with which the GKSA have ecumenical ties only when the Deputies deem it necessary.
2.3.12 Dat die Deputate diskresie gebruik om verdere kontak, bande en eenheid te soek met kerke waar die bande sinvol beleef kan word in die lig van bereikbaarheid, taal en finansies.	2.3.12 The Deputies apply discretion in the effort to seek further contact, ties and unity with churches in terms of feasibility, language and finances to ensure meaningful contact.
2.3.13 Dat in ag geneem word dat bande met kerke in Afrika beter gebou kan word deur voortgesette betrokkenheid by Ekumeniese liggame waarby kerke in Afrika ook betrokke is.	2.3.13 It be borne in mind that ties with churches in Africa are better served through continued involvement in ecumenical bodies with which churches in Africa are also associated.
2.3.14 Dat, as gevolg van hoë kostes, daar voortaan as 'n reël net een Deputaat na Sinodes van ander kerke gestuur word – tensy die Deputate oordeel dat dit noodsaaklik as om meer as een te stuur.	2.3.14 Due to the high cost, only one Deputy is delegated to the Synods of other churches in future – unless the Deputies deem it necessary to send more delegates.
Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.14 goedgekeur.	**Decision: Points 2.3.1 to 2.3.14 approved.**
3. Besluite van vorige Sinodes wat bepalend is vir die opdragte aan die Deputate	**3. Decisions of previous Synods pertinent to the mandate to Deputies**
Vir kennisname	*To be noted*
3.1 Deputate Ekumenisiteit: Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).	3.1 Deputies Ecumenicity (international) are tasked with keeping in continuous contact with Reformed church communities abroad on matters of urgent and common interest, as per CO, art 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).
3.2 Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" gesien word (Acta	3.2 The eventual unity of Reformed Churches must be considered *our most important and critical ecumenical calling*

1970:69).	(Acta 1970:69).
3.3 Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreen-stemming van die leer opgeroep word (Acta 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).	3.3 The intent of ecumenical contact is proclaiming the universal gospel in which all churches are called to obedience to the Word of God and thus to one church community, grounded in a common doctrine (Acta 1994:195, 2.2.1.1; cf. 1967:366).
3.4 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is) wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta 1967:366).	3.4 Distinction should be made between the calling to experiencing unity (churches one in doctrine, service and discipline), which is limited, and the calling to ecumenicity, which has no boundaries and that calls all churches to obedience to God's Word and for the fellowship of believers (Acta 1967:366).
3.5 Met die eenheid van die kerk word nie eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta 1997:171,2.1.1.4).	3.5 Unity of the church is not the conformity of local churches, external differences in e.g. liturgy and ministry approach between local and international churches are inevitable (Acta 1997:171, 2.1.1.4).
3.6 Die ekumeniese roeping is gerig op "herstel van die eenheid van die kerk" (Acta 1967:365).	3.6 Ecumenical calling pertains to *restoring the unity of the church* (Acta 1967:365).
3.7 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om 'n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta 1997:176, 3.2.1).	3.7 The fulfilment of the ecumenical calling is not merely about determining how church communities may visibly unite, but also about prophetic witnessing for the truth against the lie as well as cooperation in so far as the execution of a common task (Acta 1997:176, 3.2.1).
Besluit: Punte 3.1 tot 3.7 kennis geneem.	**Decision: Points 3.1 to 3.7 noted.**
4. Brosjure vir bekendstelling van die GKSA	**4. Brochure for introduction of the GKSA**
4.1 *Opdrag* Dat die brosjure op datum gehou en waar die geleentheid hom voordoen versprei word.	4.1 *Mandate* The brochure is to be kept up to date and distributed at every opportunity that presents itself.
Vir kennisname	*To be noted*
4.2 *Uitvoering van opdrag* Die brosjure is op datum gebring en waar nodig versprei.	4.2 *Execution of Mandate* The brochure was updated and distributed where necessary.
Besluit: Punte 4.1 en 4.2 kennis geneem.	**Decision: Points 4.1 and 4.2. noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
4.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)* Dat die brosjure op datum gehou word en waar die geleentheid hom voordoen	4.3 *Recommendation (Mandate to the appointed Deputies)* The brochure is to be kept up to date and distributed at every opportunity that

versprei word.

Besluit: Goedgekeur.

5. Finansies

5.1 *Opdrag*

Die Sinode het in 2015 soos volg vir die werksaamhede van die Deputate begroot:

5.1.1 Een verpligte kollekte per jaar word deur die kerke afgestaan vir die uitvoering van die GKSA se ekumeniese opdrag.

5.1.2 Reiskoste (binnelands), daggeld (binnelands) en ander noodsaaklike verpligtinge word uit die Admin Buro se fondse voorsien.

5.1.3 Die Sinode maak voorsiening vir die kerke se gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bediening in Londen deur een verpligte kollekte per jaar.

5.1.4 Die Sinode maak weer uit die Admin Buro se fondse voorsiening vir die verpligte jaargelde ten opsigte van die ICRC.

5.1.5 Die Sinode maak, aangesien jaargelde nie gehef word nie, uit die Admin Buro se fondse voorsiening vir ‘n eenmalige skenking van R10 000 vir die werksaamhede van die World Reformed Fellowship.

5.1.6 Die Sinode maak uit die Admin Buro se fondse voorsiening vir ‘n finansiële uitgawe van R10 000 wat vir sendingkoördinering aangewend moet word.

5.1.7 Die Sinode gee aan die Deputate die bevoegdheid om, indien daar voldoende fondse uit die kollektes beskikbaar is, dit vir afgevaardigdes van kerke finansieel te help moontlik maak om die Sinodes van die GKSA by te woon om sodoende ekumeniese bande te versterk.

Vir kennisname

5.2 *Uitvoering van opdrag*

Die finansiële aspekte is volgens begroting en in samewerking met die Admin Buro hanteer. Dank word uitgespreek vir die kerke wat dmv kollektes en ramings dit moontlik gemaak het om hierdie werk te doen. Daar word voorsien dat daar in die behoeftes van werksaamhede van die volgende Deputate op dieselfde wyse

presents itself.

Decision: Approved.

5. Finances

5.1 *Mandate*

Synod 2015 is to draft the budget for the work of the Deputies as follows:

5.1.1 One mandatory collection per annum by the churches for the execution of the GKSA’s ecumenical work

5.1.2 Travelling expenses (national), daily expenses (international) and other necessary expenditure are to come out of the Admin Bureau’s funds.

5.1.3 The Synod is to provide for the churches’ collective responsibility to the ministry in London by means of one mandatory collection per annum.

5.1.4 The Synod is to provide, out of Admin Bureau funds, for the obligatory membership fee to the ICRC.

5.1.5 The Synod is to provide, out of the Admin Bureau funds, for a one-off donation of R10 000 towards the work of the World Reformed Fellowship, since no annual membership fee is levied.

5.1.6 The Synod is to provide out of the Admin Bureau funds, for an amount of R10 000 towards mission coordination.

5.1.7 The Synod is to enable the Deputies, should collections offer adequate funds, to make it financially possible for delegates from churches to attend the Synods of the GKSA that ecumenical ties may be strengthened.

To be noted

5.2 *Execution of the Mandate*

The financial aspects were managed in terms of the budget and in cooperation with the Admin Bureau. Appreciation is expressed to the churches whose collections and “ramings” made the work possible. It is expected that the work of the appointed Deputies will be financed in the same manner.

voorsien kan word.	
Besluit: Punte 5.1 en 5.2 kennis geneem.	**Decision: Points 5.1 and 5.2 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
5.3 *Aanbevelings (Opdragte vir te benoemde Deputate)*	5.3 *Recommendations (Mandate for appointed Deputies)*
5.3.1 Een verpligte kollekte per jaar word deur die kerke afgestaan vir die uitvoering van die GKSA se ekumeniese opdrag.	5.3.1 One mandatory collection per annum go towards the execution of the GKSA's ecumenical task.
5.3.2 Die Deputate Ekumeniese sake (buitelands) begroot self uit hierdie fondse vir verpligtinge van alle reise en besoeke. (Dit is van toepassing op alle Rapporte van die Deputate en word nie weer daar vermeld nie.)	5.3.2 The Deputies Ecumenicity (international) budget for the expenses of all travel and visits according to the available funds. (This applies to all the Deputies' reports, but is not indicated in each Report.)
5.3.3 Reiskoste (binnelands), daggeld (binnelands) en ander noodsaaklike verpligtinge word uit die Admin Buro se fondse voorsien.	5.3.3 Travelling expenses (national), daily expenses (national) and other necessary expenditure come out of the Admin Bureau's funds.
5.3.4 Die Sinode maak voorsiening vir die kerke se gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bediening in Londen deur een verpligte kollekte per jaar.	5.3.4 The Synod provides for the churches' collective responsibility to the ministry in London by means of one mandatory collection per annum.
5.3.5 Die Sinode maak weer uit die Admin Buro se fondse voorsiening vir die verpligte jaargelde ten opsigte van die ICRC.	5.3.5 The Synod provides, out of Admin Bureau funds, for the obligatory membership fee to the ICRC.
Besluit: Punte 5.3.1 tot 5.3.5 goedgekeur.	**Decision: Points 5.3.1 to 5.3.5 approved.**
5.3.6 Die Sinode maak uit die verpligte kollekte vir ekumeniese sake (5.1.1 hierbo) voorsiening vir die jaargeld van ongeveer $1000 per jaar ten opsigte van die WRF.	5.3.6 The Synod makes provision from the compulsory collection for ecumenical matters (5.1.1 above) for the roughly $1000 annually with regard to the World Reformed Fellowship.
Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).**
5.3.7 Die Sinode gee aan die Deputate die bevoegdheid om, indien daar voldoende fondse uit die kollektes beskikbaar is, dit vir afgevaardigdes van kerke finansieel te help moontlik maak om die Sinodes van die GKSA by te woon om sodoende ekumeniese bande te versterk.	5.3.7 The Synod enables the Deputies, should collections offer adequate funds, to make it financially possible for delegates from churches to attend the Synods of the GKSA that ecumenical ties may be strengthened.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**